

# Byvoeding kan wild se waarde verhoog

'n Wildveearts van Klerksdorp het 'n unieke byvoeding ontwikkel wat nie net wildsbokke regdeur die jaar in 'n goeie kondisie hou nie, maar ook parasiete bekamp en horinggroeï bevorder.



'n Swartwitpens se horings is sowat R1 500 per duim werd. Dit groei gewoonlik 'n halfduim per maand, maar met die byvoeding het die groei verdubbel.

Vir die afgelope drie jaar al is dr. Gert Coetzee, 'n veearts in Noordwes, besig met proewe om te bewys dat 'n byvoeding wat hy ontwikkel het, groot voordele vir veral intensiewe wildboerdery inhou en ook ekonomies sin maak vir die boer.

"Baie bees- en skaapplase is die afgelope paar jaar in wildplase omgeskakel. Daar was ook 'n klemverskuiwing van tradisioneel ekstensiewe tot intensiewe wildboerdery. Daar is 'n groot vraag na topteelmaterial omdat slegs toppresterders in intensiewe programme ekonomies sin maak. Terselfdertyd is optimale produksie regdeur die jaar noodsaaklik."

Hy sê van die tipiese probleme wat hy gereeld aanskou, is 'n boer wat nuwe spesies van oraloor inbring. Daarmee saam kom ook die siekterisiko's en nuwe tipes inwendige parasiete. "Sodra die winter kom en die proteïenwaarde van die natuurlike weiding afneem, plaas dit die diere onder stres en parasietbesmetting neem toe."

Hy sê parasietbesmetting veroorsaak dat diere vermaer, diarree ontwikkel en selfs vrek aan bloedarmoede. "Sulke diere fokus net op oorlewing, met die gevolg dat produksie (die geldwaarde), soos horinggroeï, gewigstoename en voortplanting tydelik onderdruk word. Uitwendige parasiete, soos bosluise,

pak ook eerste die diere wat in 'n swak kondisie is."


Coetzee sê geen intensiewe wildboerdery kan dit bekostig nie. "Om geld te maak uit die wild, moet verliese tot elke prys beperk word en produksie regdeur die jaar gestimuleer word. Daarom kan die belangrikheid van byvoeding nie genoeg beklemtoon word nie."

Hy sê krisisbestuur is 'n algemene bestuurspraktyk wat gereeld as die verkeerde reddingsmetode gebruik word. Redding kom te laat as byvoeding begin wanneer diere reeds vermaer en swak is.

"Teen daardie tyd kan die verlies aan inkomste weens vertraagde horinggroeï, verlaagde uitslaggewig, swak trofeediere, die beskadiging van huide en velle deur parasiete, verlaagde melkproduksie en kalvrektes asook verlaagde besetting reeds 'n baie nadelige uitwerking op die netto winsmarge van die boerdery uitoefen."

Hy sê aangesien byvoeding ook baie duur kan raak, moet dit oordeelkundig benader word. Gehalte is belangriker as hoeveelheid. Dit verg meer intensiewe voeding om swak, vermaerde diere aan die lewe te probeer hou as om diere in 'n gemiddelde tot goeie kondisie te help oorwinter.

Die meeste wild voed nie dadelik op aanvullende voer nie en 'n goeie riglyn is om al in die vroeë herfs, wanneer die veldgehalte



Dr. Gert Coetzee (links) en mnr. Marius Mitchell, 'n wildboer van Klerksdorp, by die voerkorrels.

begin afneem, met byvoeding te begin.

Die byvoeding wat Coetzee ontwikkel het, bestaan uit 'n gewone wildvoerbasis, soos lusern en ander grondstowwe, met verdere bymiddels gerig op ondermeer parasietbestryding en horinggroeï.

Die voersamestelling, bekend as Wildmeester Super (reg.nr. V22251), is in korrelvorm geregistreer. Die bymiddels sluit in diatomiet uit die Noord-Kaap vir interne gesondheid en wateroplosbare B-vitamiene vir die bevordering van liggaamsgewig

en horinggroeï. Dit word by die TAU Meule op Leeudoringstad vervaardig en deur landboumaatskappye versprei.

Diatomiet ('n kalkagtige tipe rots) is afkomstig van die skeletfossiele van mikroskopiese organismes wat miljoene jare gelede in varswaterbronne in die Noord-Kaap geleef het. Omdat die produk heeltemal organies is, word weerstand nie daarteen opgebou soos met chemiese middels nie.

Coetzee sê die voordele van diatomiet is dat dit die pH in die

dermkanaal stabiliseer en die verteringsproses aanhelp. Dit help ook met die uitskeiding van skadelike metale, skep 'n ongunstige omgewing vir parasiete om te oorleef, verbeter immuniteit en stimuleer kalsiumneerlegging.

Die B-vitamiene help met die omskakeling van voedingstowwe in energie, bevorder gesonder en sterker hoewe en kloue, help om die hare, vel en senuweestelsel gesond te hou en stimuleer proteïenneerlegging, wat liggaamsgewig en horinggroei laat toeneem.

Coetzee sê 'n geregistreerde proef word met die samewerking van ander veeartse en die Onderstepoort Veeartsenykundige Instituut gedoen. Van die resultate ten opsigte van waardetoevoeging wat reeds verkry is, is:

- Swartwitpensverse het hul eerste kalwers reeds op die ouderdom van twee jaar gelever.
- Swartwitpenskoeie het binne 10 maande ná kalf weer gekalf. Agt kalwers is van ses koeie in een kalenderjaar verkry.
- Die tye van die jaar waartydens produksie sou afneem, word uitgeskakel.
- Die horinglengte van diere het noemenswaardig vinnig toegeneem. Van die diere het

toenames van 3,5 duim oor 'n tydperk van vier maande in die winter getoon. Die nuwe groei was ook gesonder en sterker.


- Diere wat deur die jaar gevoer is, was makker en kon beter bestuur word.

- Daar was minder stres wanneer hulle behandel of verskuif moes word.

"Om te bewys dat die byvoeding ekonomies sin maak, is maklik," sê Coetzee. "Die waarde van 'n swartwitpens se horings word op R1 500 per duim geraam. Gewoonlik is die horinggroei 'n halfduim per maand, maar met die byvoeding verdubbel dit. Byvoeding kos tussen R2 600 en R3 000 per ton, wat neerkom op sowat R80 tot R90 per bok per maand. Net aan horinggroei beteken dit reeds meer as R600 per maand bykomend in die boer se sak."

Hy sê al word ook net een bykomende kalf per jaar as gevolg van die byvoeding gebore, betaal dit vir die hele kudde se voer vir die jaar.

Sy aansprake word gerugsteun deur mnr. Marius Mitchell, 'n wildboer van Klerksdorp. "Geen boer bestee geld aan iets wat nie die moeite werd is nie. Ek het die voer nou al geruime tyd getoets en is in my skik met die resultate."



Swartwitpensverse se kondisie was danksy die byvoeding só goed dat hulle al op die ouderdom van twee jaar begin kalf het.

## OMHEININGSMATERIAAL

### TEEN

## GROOTHANDELSPRYSE

### JOU EENSTOP SPESIALISVERSKAFFER

Staalraad, Doringdraad, Binddraad, Diamantdraad, Jakkalsdraad, Varkdraad, Veldspan asook Bonnox Produkte en Gesweiste Maasdraad.

Ligte & Swaar Trekpale, Stutte, Houtpale, Sparre, Ysterpale (Y en H - Tipe) asook Hekke.

Voerkrippe, Waterkrippe & Kabels.

Alle Staal, Pype & Sink.



#### PRETORIA

Francois Müller: 082 900 9472

Tel: 012 804 2734/8

Faks: 012 804 1871

Voorhamer Straat 187

Silvertondale

Uitbreiding!

[www.mullerssteel.co.za](http://www.mullerssteel.co.za)

[info@mullerssteel.co.za](mailto:info@mullerssteel.co.za)

#### KROONSTAD

Jan Müller: 082 447 0181

Tel: 056 213 1760/5

Faks: 056 213 1790


No. 11, 7de Laan

Industria

Persoonlike diens aan boere. Geakkrediteerde Bonnox-handelaar. Standaard Produkte word landswyd afgelewer.



## Lewenslange Belegging



BAADJIES • BAGASIE • BEKLEDING

Leerware van uitstekende gehalte

[www.midlandleather.co.za](http://www.midlandleather.co.za)

U waarborg van styl en kwaliteit

Sasolburg

082 900 5107

Parys

071 125 8838

Pinetown

083 798 8887